Nieteenstaande die feit dat die binnelandse vraag die binnelandse aanbod van goedere en dienste gedurende die tweede en derde kwartale van 1969 oorskry het, het geen oormatige prysstygings voorgekom nie. In werklikheid het 'n aansienlike daling in voedselprijs gedurende die eerste nege maande van 1969 die opwaartse aanpassing van pryse as gevolg van die instelling van die verkoopreg in Maart vanjaar, oortref. Hierdie betreklike prysstabiliteit was selfs meer merkwaardig indien die algemene skaarste aan arbeid en die opwaartse aanpassings in salarisse en lone in aanmerking geneem word.

Die verskyning van 'n tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans gedurende die tweede en derde kwartale van 1969, tesame met 'n afname in die kapitaalinvloeiing gedurende die tweede kwartaal en 'n uitvloeiing gedurende die derde kwartaal, het vanaf Mei tot 'n aansienlike afname in die land se goud- en buitelandse valuta-reserwes gelei. Hierdie daling in die reserwes het op sy beurt grootliks tot die meer gelyke verloop in die totale likwiditeit van die private sektor bygedra en het ook die oorskot likwiede bates van die

monetêre banke verlaag.

Alhoewel die hoeveelheid geld en kwasi-geld vanaf die einde van Maart tot aan die einde van Julie 1969 afgeneem het, indien seisoensbewegings uitgeskakel word, het daar weer 'n skerp toename gedurende Augustus en September voorgekom. Hierdie ontwikkeling het plaasgevind nieteenstaande 'n groot afname in die netto goud- en buitelandse valuta-reserwes en was toe te skryf aan 'n groot toename in bankkrediet aan die private sektor, hoofsaaklik in die vorm van diskonteringe en voorskotte deur handelsbanke, en 'n styging in die monetêre banksektor se eise teen die regeringsektor. Laasgenoemde het toegeneem weens 'n afname in hierdie sektor se deposito's by die monetêre banksektor. Hierdie faktor, tesame met 'n aansienlike groter besit aan Landbankwissels deur die Reserwebank en die Nasionale Finansiële Korporasie, het ook bygedra tot die merkbare toename in die oorskot likwiede bates van die monetêre banke vanaf die betreklike lae peil waartoe dit in Julie gedaal het. Die toename in die oorskot kontant en likwiede bates van die monetêre banke het ook 'n aansienlike verruiming in geldmarktoestande vanaf vroeg in Augustus veroorsaak.

Die verandering in die kapitaalmarktoestande teen die middel van 1969 het gedurende die derde kwartaal duideliker geword. Die skerp daling in aandelepryse en -omset op die Johannesburgse Effektebeurs het regdeur hierdie tydperk voortgeduur en 'n aansienlike vernouing in die toestand in die mark vir vaste-rentedraende sekuriteite is ondervind. Laasgenoemde ontwikkeling was klaarblyklik toe te skryf aan die vernouing van die omgekeerde rendementsgaping en 'n algemene afwagterende houding en 'n groter likwiditeitsvoorkeur by beleggers. Die verdwyning van die spekulatiewe bedrywighede op die effektebeurs het egter gelei tot 'n toename in die bedrag wat in vaste en spaardeposito's by bouverenigings en monetêre banke en in bouvereniging-aandele belê is.


Nasionale rekeninge¹

Verdere styging in bruto binnelandse produk

Volgens die koers van toename in die bruto binnelandse produk het ekonomiese aktiwiteit, wat gedurende 1968 begin versnel het, verdere stukrag gedurende die eerste drie kwartale van 1969 gekry met die gevolg dat 'n relatief hoë groeikoers vir 1969 verwag kan word. Die styging in die koers van toename in die bruto binnelandse produk gedurende die eerste drie kwartale van 1969 is aan aansienlike stygings in die bydraes deur fabriekswese, handel en algemene regering toe te skryf, terwyl vervoer, opberging en kommunikasie en mynbou ook betekenisvolle bydraes gelewer het. 'n Groot toename in indirekte belastinge as gevolg van die instelling van die verkoopreg en hoër invoer, het ook baie tot die hoë koers van toename in die bruto binnelandse produk teen markpryse bygedra.

Die toename in die bruto binnelandse produk gedurende die eerste nege maande van 1969 is weerspieël deur sowel hoër salarisse en lone as 'n groot toename in winste, veral in vervaardigingsbedrywe waar die voller besetting van bestaande kapasiteit eenheidskoste verminder het.

¹Die ontleding in hierdie oorsig is hoofsaaklik gebaseer op die Reserwebank se kwartaalike ramings van die nasionale rekeninge, na die uitskakeling van die seisoensinvloed. Aangesien hierdie syfers nog nie as betroubaar genoeg vir publikasie beskou word nie, word die ontleding van die kwartaalike verwikkelinge tot die beskrywing van breë tendense beperk.




Hoë koers van toename in bruto binnelandse besteding

Nadat dit gedurende die vorige vyf kwartale as 'n geheel geneem ongeveer dieselfde koers van toename as die bruto nasionale produk getoon het, het bruto binnelandse besteding gedurende die tweede en derde kwartale van 1969 skerp gestyg en die bruto nasionale produk met 'n betekenisvolle bedrag in beide hierdie kwartale oorskry, met die gevolg dat groot tekorte op die lopende rekening van die betalingsbalans verskyn het.

Belegging in voorrade het aansienlik tot die skerp styging in besteding gedurende die tweede en derde kwartale van 1969 bygedra. Die toename in voorraad-investering gedurende die tweede kwartaal is deur alle klasse voorrade weerspieël terwyl die styging gedurende die derde kwartaal tot toevoegings tot handelsvoorrade insluitende diamantvoorrade en landbouvoorrade in die handel, beperk was.

Private verbruiksbesteding het voortgegaan om teen 'n hoë koers gedurende die derde kwartaal van 1969



toe te neem en het een van die vernaamste ekspansionistiese kragte in die volkshuishouding gebly. Ofskoon die koers van toename in private verbruiksbesteding gedurende die derde kwartaal van 1969 ietwat laer as gedurende die tweede kwartaal was, het dit nog steeds in ooreenstemming met die opwaartse neiging wat teen die begin van 1968 'n aanvang geneem het, gestyg. Trouens, hierdie laer koers van toename gedurende die derde kwartaal het gevolg op die buitengewoon hoë koers van toename gedurende die tweede kwartaal, toe die uitgawe aan dienste en nie-duursame goedere aansienlik gestyg het. Gedurende die derde kwartaal was die toename in hierdie komponente minder opvallend, terwyl die besteding aan duursame goedere teen 'n aansienlik hoër koers as gedurende die tweede kwartaal toegeneem het.

Ofskoon lopende besteding deur die owerheid 'n geringe afname gedurende die derde kwartaal van 1969 getoon het in vergelyking met die hoë vlak wat gedurende die tweede kwartaal behaal is as gevolg van verhogings in salarisse en lone, was dit nogtans ongeveer 13 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende kwartaal van die vorige jaar.

Nadat dit teen 'n hoë koers vanaf die vierde kwartaal van 1968 tot die tweede kwartaal van 1969 toegeneem het, het totale vaste investering 'n geringe afname in die derde kwartaal van 1969 getoon alhoewel dit nog steeds op 'n betreklik hoë peil was. Hierdie afname gedurende die derde kwartaal was die netto resultaat van afnames in kapitaalbesteding deur die algemene owerheid en private sake-ondernemings, wat 'n aansienlike styging in kapitaalbesteding deur openbare korporasies oortref het.

Die afname in vaste investering deur die algemene owerheid was hoofsaaklik die gevolg van 'n daling in die kapitaaluitgawes deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, wat dikwels onreëlmatige skommelings op 'n kwartaalbasis toon. Die vlak van kapitaalbeste-


ding deur die algemene owerheid, insluitende die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens was nogtans hoog en het 'n aansienlike toename oor die eerste drie kwartale van 1968 getoon.


Private vaste investering, wat vanaf die vierde kwartaal van 1968 teen 'n vinniger koers begin toeneem en in die tweede kwartaal van 1969 'n hoë peil bereik het, het ook 'n geringe afwaartse beweging in die derde kwartaal getoon. Nogtans was 'n besliste opwaartse neiging vir die eerste drie kwartale waarneembaar en is die peil van private vaste investering vir hierdie periode ongeveer 12 persent hoër as gedurende die eerste nege maande van 1968. Hierdie styging kan hoofsaaklik aan 'n toename in kapitaalbesteding deur die mynbou, die handel, private vervoer en finansies en aan woongeboue toegeskryf word terwyl die afwaartse neiging in die vaste investering van fabriekswese wat vanaf die vierde kwartaal van 1967 tot die derde kwartaal van 1968 voorgekom het, in die vierde kwartaal van 1968 gestuit is. Daarna het laasgenoemde tot die derde kwartaal van 1969 rondom 'n horisontale peil, wat teen 'n jaarkoers ongeveer R350 miljoen bedra het, geskommel.

Fabrieks- en mynbouproduksie

Volgens amptelike statistiek wat tot Julie 1969 beskikbaar is, het die fisiese volume van fabrieksproduksie, wat teen 'n relatief hoë koers gedurende die laaste nege maande van 1968 toegeneem het, gedurende die eerste sewe maande van 1969 verder versnel. Dit het die gemiddelde van die seisoensaangesuiwerde indeks van die fisiese volume van fabrieksproduksie gedurende die twaalf maande geëindig Julie 1969 op 'n vlak wat 8.3 persent hoër as dié van die voorafgaande twaalf maande is, gebring. Die produksie van nie-duursame goedere soos voedsel, chemikalieë, tekstiele, klerasie en skoen- sel het die grootste bydraes tot hierdie toename gelewer, terwyl die produksie van basiese metale en metaalprodukte ook betekenisvol toegeneem het. Opnames deur die private sektor het ook aangedui dat bestellings wat deur die staal- en ingenieursnywerhede ontvang is, gedurende die derde kwartaal teen 'n hoër koers as gedurende die eerste helfte van 1969 toegeneem het en dat meer oortyd gewerk is en produksie-aktiwiteite in die algemeen toegeneem het.


Mynbouproduksie, wat gedurende die eerste vyf maande van 1969 geneig het om gelyk te verloop, het gedurende die daaropvolgende vier maande gestyg, veral as gevolg van 'n toename in die fisiese volume van goudproduksie.





Werkverskaffing en arbeidstoestand

Alhoewel min inligting omtrent die arbeidstoestand beskikbaar is en aangesien data met betrekking tot werkverskaffingstoestande nie vir onlangse maande vrygestel is nie, wil dit voorkom asof die versnelling in ekonomiese aktiwiteit die tekort aan arbeid vererger het, veral op die vlak van bestuurs- en geskoolde arbeid. Aansienlike toenames in salarisse en lone het voorgekom en werkverskaffing in fabriekswese en konstruksie en veral in die Poskantoor het gedurende die eerste helfte van 1969 verder toegeneem, terwyl werkverskaffing in mynbou 'n dalende neiging getoon het. Die hoër peil van werkverskaffing is ook weerspieël in 'n verdere afname, tot 'n rekord lae vlak, in die aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiate. Hierdie syfer,



seisoensaangesuiwerd, het van 15,430 aan die einde van 1967 tot 11,740 aan die einde van 1968 en tot 10,425 in September 1969, gedaal.

Algemene ekonomiese aanwysers


Alhoewel sommige ekonomiese aanwysers teen 'n effens laer koers gedurende die eerste drie kwartale van 1969 as gedurende die tweede helfte van 1968 toegeneem het, word die algemene indruk wat uit die nasionale rekeninge verkry is dat ekonomiese aktiwiteit gedurende 1968 toegeneem het en verdere momentum gedurende 1969 opgebou het, bevestig deur die voortgesette opwaartse neiging gedurende die eerste nege maande van 1969 in meeste van die algemene ekonomiese aanwysers. Die versnelling in ekonomiese aktiwiteit is ook in 'n duidelike opwaartse beweging in goedere-invoer gedurende die tweede en derde kwartale van 1969 weerspieël, terwyl ander reekse soos die aantal nuwe motorvoertuie verkoop en groothandelsverkope ook verder opwaarts beweeg het. Besonder lewendige toestande in die konstruksiesektor blyk uit die voortgesette styging gedurende 1969 in bouplanne goedgekeur, geboue voltooi, groothandelsverkope van boumateriaal en transaksies in vaste eiendom.

In die finansiële sfeer het aktiwiteit na Mei 1969 aanmerklik afgeneem, soos deur die indekse van nywerheids- en handelsaandelepryse, die volume van effektebeurstransaksies en bankdebitering getoon word.

Pryse

Alhoewel algemene ekonomiese aktiwiteit voortgegaan het om gedurende die eerste nege maande van 1969 te versnel, het geen oorverhitting van die ekonomie plaasgevind nie. Volgens voorlopige seisoensaangesuiwerde syfers het die indeks van verbruikerspryse teen 'n jaarkoers van slegs 2.1 persent gedurende die eerste nege maande van 1969 gestyg, hoofsaaklik as gevolg van 'n afname teen 'n jaarkoers van 2.1 persent in voedselpryse. Gedurende die eerste tien maande van 1969 het die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks egter toegeneem teen 'n jaarkoers van 3.4 persent. Hierdie relatief groot toename was die netto resultaat van die insluiting in Oktober van toenames in huis- en woonstelhuur en bediendeloon sowel as 'n omgeswaai in die afwaartse beweging in voedselpryse. Die pryse van behuising en aanverwante items het teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van amper 7 persent gedurende die eerste tien maande van 1969 gestyg. Indien die pryse van voedsel en behuising en aanverwante items van die indeks uitgesluit word, het die pryse van alle ander goedere en dienste gedurende hierdie tydperk teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 2.9 persent gestyg. Verder, indien die invloed van die verkoopreg ook uitgesluit word, het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van die totale verbruikersprysindeks gedurende die eerste tien maande van 1969 2.6 persent beloop.

Groothandelspryse het ook teen 'n relatief lae koers gedurende 1969 toegeneem vanweë 'n aanmerklike daling in die pryse van landbouprodukte. Die seisoensaangesuiwerde indeks van groothandelspryse het, as




gevolg van 'n daling teen 'n jaarkoers van 3·6 persent in die pryse van landbouprodukte, teen 'n jaarkoers van slegs 1·4 persent gedurende die eerste nege maande van 1969, toegeneem. Die pryse van alle ander groot-handelsgoedere het teen 'n jaarkoers van 2·4 persent gedurende hierdie tydperk toegeneem, gedeeltelik as gevolg van die verkoopreg.

Betalingsbalans

Tekort op lopende rekening

Die verdere versnelling in die binnelandse vraag na goedere en dienste gedurende 1969 het veroorsaak dat 'n aansienlike tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans verskyn het, wat onderskeidelik R78 miljoen en R109 miljoen gedurende die tweede en derde kwartale van 1969 bedra het. Teen 'n seisoens-aangesuiwerde jaarkoers het hierdie tekorte onderskeidelik R252 miljoen en R384 miljoen beloop.

Soos die bygaande tabel toon, was die seisoens-aangesuiwerde tekort op die lopende rekening gedurende die derde kwartaal van 1969, die netto resultaat van 'n aansienlike styging in invoer en dienstebetalings wat die toename in uitvoer en netto goudproduksie oortref het. Goedere-invoer wat vanaf die begin van 1968 bestendig gestyg het, het in die derde kwartaal van 1969 'n rekordpeil van R2,365 miljoen bereik, indien dit teen 'n seisoens-aangesuiwerde jaarkoers gemeet word. Alhoewel goedere-uitvoer gedurende die derde kwartaal van 1969 aansienlik toegeneem het tot 'n seisoens-aangesuiwerde jaarkoers van R1,478 miljoen, het hierdie syfer vanaf die tweede helfte van 1968 min of meer rondom 'n horisontale vlak geskommel. Netto goudproduksie, soos vir betalingsbalans-doeleindes gedefinieer, het betreklike groot fluktuasies getoon en gedurende die derde kwartaal weer toegeneem nadat dit gedurende die tweede kwartaal gedaal het. Betalings vir dienste (seisoensinvloed uitgeskakel) het 'n opvallende toename gedurende die derde kwartaal getoon as gevolg van die hoër beleggings-verdienste van buitelanders en 'n styging in betalings vir




vrag en versekering wat met die styging in invoer verband gehou het.

Lopende rekening van die betalingsbalans, 1969

R miljoene

	Nie-seisoens-aangesuiwerd			Seisoens-aangesuiwerde jaarkoers		
	1ste kw.	2de kw.	3de kw.	1ste kw.	2de kw.	3de kw.
Goedere-uitvoer	388	353	350	1,562	1,395	1,478
Netto goudproduksie	216	190	216	870	763	859
Ontvangste vir dienste	85	96	89	357	384	377
Goedere-invoer	-479	-537	-595	-1,870	-2,126	-2,365
Betalings vir dienste	-160	-205	-200	-694	-769	-857
Totale goedere en dienste (netto ontvangste+)	50	-103	-140	225	-353	-508
Oordragte (netto ontvangste+)	23	25	31	84	101	124
Saldo op lopende rekening	73	-78	-109	309	-252	-384



Netto kapitaaluitvloeiing

Na elf opeenvolgende kwartale waarin 'n netto kapitaalinvloeiing aangeteken is, het Suid-Afrika gedurende die derde kwartaal van 1969, 'n netto kapitaaluitvloeiing van R21 miljoen ondervind, wat uit 'n private kapitaaluitvloeiing van R12 miljoen en 'n uitvloeiing van sentrale regerings- en bankkapitaal van R9 miljoen bestaan het. Laasgenoemde uitvloeiing is hoofsaaklik deur die terugbetaling van Suid-Afrika se goud-tranché aan die Internasionale Monetêre Fonds veroorsaak en het 'n omkering van die invloeiing wat in die tweede kwartaal

Netto kapitaalbewegings, 1969
R miljoen

	1ste kw.	2de kw.	3de kw.
Na die private sektor:			
Effektebeurstransaksies	4	-9	2
Ander langtermyn	15	10	7
Korttermyn*	3	-3	-21
Totaal	22	-2	-12
Na die sentrale regering en banksektor	11	39	-9
Totale kapitaalbewegings	33	37	-21

*Insluitende foute en onaangetekende transaksies.

plaasgevind het, verteenwoordig. Die kapitaaluitvloeiing van die private sektor het grotendeels uit veranderings in handelsdebite en -krediete bestaan.

Verdere afname in goud- en buitelandse valuta-reserwes

Die netto resultaat van die lopende tekort en die kapitaaluitvloeiing was 'n vermindering van nie minder nie as R130 miljoen in Suid-Afrika se totale goud- en buitelandse valuta-reserwes gedurende die derde kwartaal van 1969. Teen die einde van September het Suid-Afrika se totale reserwes R1,035 miljoen bedra, waarvan die Reserwebank R916 miljoen, bestaande uit R775 miljoen in goud en R141 miljoen in buitelandse valuta, gehou het. Gedurende Oktober 1969 het die goud- en buitelandse valuta-reserwes van die Reserwebank en die regering min verandering getoon.

Monetêre en banktoestand

Nadat dit gedurende die vier maande vanaf die einde van Maart tot die einde van Julie 1969 met R42 miljoen gedaal het, het die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende Augustus en September weer skerp gestyg, wat tot 'n toename van R131 miljoen of 3.8 persent gedurende die derde kwartaal van 1969 gelei het. Aan die einde van September het die hoeveelheid geld en kwasi-geld R3,621 miljoen bedra, wat 7.5 persent hoër as aan die einde van 1968 was. Hierdie koers van toename vorm nietemin 'n skerp teenstelling met die toename van meer as 15 persent gedurende die vergelykbare tydperk in 1968.

Aangesien die versnelling in ekonomiese bedrywigheid in die produksiesfeer gedurende die eerste drie kwartale van 1969 voortgeduur het, het dit gelei tot 'n daling in die seisoensaangesuiwerde verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk vanaf 31.6 persent in die eerste kwartaal van 1969 tot 29.2 persent in die derde kwartaal.





Veranderings in geld en kwasi-geld

R miljoene

	Seisoens- invloed nie uitgeskakel nie	Seisoens- invloed uitgeskakel
1969: 1e kwartaal	-42	142
2e kwartaal	90	-4
3e kwartaal:		
Julie	-66	-39
Augustus	67	77
September	124	92
Totaal 3e kwartaal	124	131
Totaal eerste nege maande van 1969	173	269

Skerp styging in binnelandse krediet

Soos die bygaande tabel toon, was die hoofoorsake van die hernieude styging in geld en kwasi-geld gedurende die derde kwartaal van 1969 die taamlik aansienlike stygings in bankkrediet wat aan die private sowel as aan die regeringsektor verleen is wat gesamentlik meer as R200 miljoen bedra het en die daling van R120 miljoen in die netto goud- en valuta-reserwes (die grootste kwartaallikse daling wat ooit aangeteken is) vër oortref het. Die toename in die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor gedurende die derde kwartaal is deur 'n daling in regeringsdeposito's gedurende Augustus en September veroorsaak. Hierdie daling het in Oktober voortgeduur toe die regeringsdeposito's by die Reserwebank en die Nasionale Finansiële korporasie verder met R92 miljoen gedaal het.

Hoofoorsake van veranderings in geld en kwasi-geld, 1969

Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie

R miljoene

	1e kw.	2e kw.	3e kwartaal			Totaal
Netto goud- en buitelandse valuta-reserwes	101	-77	-41	-43	-35	-120
Eise teen die regeringsektor:						
Eise	-33	30	-27	-10	36	-1
Deposito's (toename-, afname+)	-139	31	-54	72	14	33
Netto eise	-171	61	-80	62	51	32
Eise teen die private sektor	136	74	43	20	118	181
Langtermyn-deposito's (toename-, af- name+)	-67	38	-10	3	-23	-30
Ander bates en laste	-40	-6	22	25	13	61
Totaal geld en kwasi- geld	-42	90	-66	67	124	124

Groot toename in bankkrediet aan die private sektor

Nadat dit gedurende sowel 1967 as 1968 met R279 miljoen, of met onderskeidelik 12 en 11 persent, toegeneem het, het die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor (d.w.s. bankkrediet aan die private sektor) gedurende 1969 voortgegaan om te styg en het dit gedurende die derde kwartaal van 1969 'n rekord-kwartaalstyging van R181 miljoen getoon. Dit het die toename gedurende die eerste nege maande van 1969 op 14 persent te staan gebring. Soos die bygaande tabel toon, het die toename in bankkrediet aan die private sektor gedurende die derde kwartaal van 1969 uit kaskredietvoorskotte van die Landbank en diskonteringe en voorskotte en beleggings van monetêre banke bestaan. Ná uitskakeling van die seisoensinvloed het die kaskredietvoorskotte van die Landbank met slegs R15 miljoen toegeneem, terwyl die diskonteringe en voorskotte van handelsbanke, wat voor seisoensaansuiwering met R30 miljoen gestyg het, 'n seisoensaangesuiwerde toename van R82 miljoen getoon het.

Die beleggings van monetêre banke by die private sektor, wat gedurende die eerste ses maande van die jaar effens gedaal het, het vanaf R457 miljoen aan die einde van Junie 1969 tot R531 miljoen aan die einde van September toegeneem. Hierdie toename van R74 miljoen het bestaan uit R45 miljoen in die vorm van effekte en obligasies van munisipaliteite, die Landbank en ander openbare korporasies, wat nie onder die beleggingsplafon val nie, R22 miljoen in die vorm van aandele in filiale en ander private nie-bankmaatskappye en R7 miljoen in die vorm van „ander“ private skuldbriewe en bouverenigingaandele.

Verandering in eise teen die private nie-banksektor
Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie
R miljoene

	1968	1969		
		1e kw.	2e kw.	3e kw.
Kaskredietvoorskotte van die Landbank	-66	-50	-18	+77
Ander diskonteringe en voorskotte:				
50% van netto remises in transito	+44	+15	+62	-18
Diskonteringe en voorskotte	+162	+173	+26	+55
Totaal	+206	+187	+88	+37
Beleggings	+113	-10	+2	+74
Deposito's	+26	+9	+1	-7
Totaal	+279	+136	+74	+181


Ommeekeer van die afwaartse neiging in die oorskot likwiede bates van monetêre banke

Die oorskot likwiede bates van monetêre bankinstellings, wat byna on-onderbroke vanaf R433 miljoen aan die einde van 1968 tot minder as R100 miljoen aan die einde van Julie gedaal het, het daarna skerp tot R207 miljoen aan die einde van Augustus en R241 miljoen aan die einde van September toegeneem. Laasgenoemde bedrag het 5.4 persent van hul verpligtings teenoor die publiek verteenwoordig. Die styging sedert Julie in die oorskot likwiede bates van monetêre banke was hoofsaaklik die gevolg van die skerp daling in regeringsdeposito's waarna reeds voorheen verwys is en 'n aansienlike toename in die besit aan Landbankwissels van die Reserwebank en die Nasionale Finansiële korporasie, aangesien albei ontwikkelings ekstra kontant in die hande van die monetêre banke geplaas het.

Verruiming van die toestand op die geldmark

Die faktore wat tot 'n toename in die oorskot kontant en likwiede bates van die monetêre banke gelei het, het ook vanaf vroeg in Augustus 'n aanmerklike verruiming van die toestand op die geldmark veroorsaak. So het die skatkiswissel-tenderkoers gedaal vanaf 'n hoogtepunt van 4.77 persent op 8 Augustus tot 4.30 persent





op 21 November, die laagste peil sedert 2 Desember 1966. In hierdie ruim geldmarktoestand het die daggeld by die diskontohuise aansienlik toegeneem vanaf R191 miljoen aan die einde van Julie tot ongeveer R350 miljoen aan die einde van Oktober en tot R391 miljoen op 21 November.

Staatsfinansies

Nadat 'n tekort van R46 miljoen gedurende die kwartaal April tot Junie voorgekom het, het die Skatkis 'n verdere tekort van R54 miljoen gedurende die kwartaal geëindig September 1969 getoon, sodat die tekort vir die eerste helfte van die 1969-70 boekjaar R101 miljoen bedra het, of R36 miljoen minder as die tekort vir die ooreenstemmende tydperk in 1968. Hierdie verbetering in skatkisfinansies was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename van R99 miljoen in netto ontvangste gedurende hierdie halfjaar wat 'n styging van 23 persent bo die ontvangstes in die ooreenstemmende tydperk van 1968 verteenwoordig het. Hoër doeane-ontvangstes en 'n aansienlike toename in inkomstebelasting betaal deur maatskappye het veral tot hierdie gunstige ontwikkeling bygedra, terwyl ontvangstes uit die verkoopreg R35 miljoen beloop het. Totale skatkisuitreikings het gedurende die eerste helfte van die boekjaar met R149 miljoen toegeneem, d.w.s. 'n styging van 16 persent bo uitreikings in die ooreenstemmende tydperk van 1968, en stem naastenby ooreen met die styging waarvoor in die 1969-70-Begroting voorsiening gemaak is.

Skatkisfinansies

R miljoene

	1968		1969	
	April tot Junie	Julie tot Sept.	April tot Junie	Julie tot Sept.
Totale tekort (uitgesonderd lenings)	66	71	46	54
Finansiering:				
Verandering in netto skuldposisie teenoor:				
Buitelandse sektor	12	7	8	-4
Private nie-banksektor	56	121	68	-10
Staatskuldkommissarisse	151	13	127	2
Sub-totaal	219	141	203	-12
Monetêre banksektor:				
Verandering in besit aan staatspapier	87	67	-1	2
Verandering in skatkissaldo*	-240	-136	-155	65
Sub-totaal	-153	-70	-157	67
Totale finansiering	66	71	46	54

*Na aansuiwering vir die belegging in die buiteland van die opbrengs van buitelandse lenings en vir oordragte na die Stabilisasierekening en na die I.M.F.-depositorekening ten opsigte van super-goudtranché-trekkings. Toename-, afname+.

In teenstelling met die voorafgaande kwartaal, het die finansiering van die tekort gedurende die Julie tot September kwartaal 'n toename van R67 miljoen in die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor ingesluit. Soos in die bygaande tabel aangetoon word, was hierdie ontwikkeling die gevolg van 'n aansienlike afname in die netto bydrae tot skatkisfinansiering deur die private nie-banksektor en die Staatskuldkommissaris en die Skatkis se kontantsaldo het gevolglik met nie minder nie as R65 miljoen gedaal.

Die Staatskuldkommissaris het inderdaad slegs R2 miljoen tot skatkisfinansiering gedurende die tydperk Julie tot September bygedra wat hul totale bydrae vir die eerste helfte van die boekjaar op R130 miljoen te staan gebring het. Laasgenoemde bedrag sluit deposito's ten bedrae van R131 miljoen in wat die Kommissaris aan die einde van Maart by die Reserwebank en geldmarkinstellings gehou het en wat gedurende April by die Skatkis belê is. Indien hierdie belegging nie in aanmerking geneem word nie, het die Skatkis se skuldposisie teenoor die Kommissaris in werklikheid met R1 miljoen gedurende die eerste helfte van die boekjaar gedaal.

Die private nie-banksektor het sy besit aan staatskuld gedurende die kwartaal geëindig September 1969 met R10 miljoen verlaag, vergeleke met 'n netto belegging van R68 miljoen gedurende die vorige kwartaal. Dit was die eerste vermindering in enige kwartaal sedert die tweede kwartaal van 1965.

Gedurende Oktober, toe twee effekte-uitgiftes ten bedrae van R140 miljoen gedolg moes word, het die Tesourie twee nuwe effekte vir omsetting en kontantinskrywing aangebied, een teen 5 persent vir drie jaar en die ander teen $6\frac{1}{2}$ persent vir 25 jaar. Hierdie uitgiftes was nie suksesvol nie en die Tesourie het kontantaansoeke ten bedrae van slegs R44 miljoen ontvang, waarvan R17 miljoen deur die Staatskuldkommissaris bygedra is. Tot aan die einde van Oktober het die Tesourie op 'n netto basis R1 miljoen van ander instansies as die Staatskuldkommissaris deur middel van effekte-uitgiftes geleen, terwyl 'n bedrag van R90 miljoen in die begroting vir die boekjaar 1969-70 as 'n geheel in die vooruitsig gestel is.

Die regering se lenings in die vorm van nie-bemerkbare skuld was gedurende die eerste sewe maande van die 1969-70 fiskale jaar ook nie suksesvol nie. Op 'n netto basis is slegs R4 miljoen tot aan die einde van Oktober in hierdie vorm geleen, vergeleke met 'n bedrag van R70 miljoen waarvoor in die 1969-70-Begroting voorsiening gemaak is. Nuwe belastingvrye Tesourie-obligasies met 'n rentekoers van $5\frac{3}{4}$ persent en 'n bonus van 2 persent indien dit tot die aflossingsdatum gehou word, is vanaf 17 November uitgereik en die toelaatbare maksimum aan alle belastingvrye obligasies sedert 1967 uitgereik wat per familie-eenheid gehou mag word, is vanaf R45,000 tot R60,000 verhoog. Die

maksimum belastingvrye rentebedrag is ook vanaf R2,675 tot R4,650 verhoog.

Volgens die bostaande ontleding van staatsfinansies wil dit voorkom dat, hoewel die Skatkis se totale tekort gedurende die fiskale jaar 1969-70 waarskynlik as gevolg van hoër inkomste kleiner sal wees as die bedrag waarvoor begroot is, die Tesourie dit moeilik mag vind om in die mate wat in die 1969-70-Begroting in die vooruitsig gestel is, van nie-banksektore te leen.

Kapitaalmark

Volgehoue daling in aandelepryse

Die skerp daling in aandelepryse vanaf ongeveer die middel van Mei 1969, het gedurende die derde kwartaal en Oktober voortgeduur en, soos in die bygaande tabel aangetoon word, was die pryse van alle klasse van aandele teen die einde van September aansienlik laer as teen die einde van Mei. Die opvallendste prysdalings het in die geval van finansiële aandele voorgekom en vanaf Mei tot September het die pryse van finansiële mynaandele met gemiddeld 29 persent gedaal en dié van finansiële nywerheidsaandele met gemiddeld 24 persent. Hierdie afwaartse beweging het die pryse van die betrokke aandele te staan gebring op 'n vlak naastenby gelyk aan dié wat aan die einde van 1968 gegeld het en wat nog betreklik hoog was indien prystoenames van onderskeidelik 39 en 57 persent in finansiële myn- en nywerheidsaandele gedurende 1968 in aanmerking geneem word. Pryse van nywerheids- en handelsaandele het vanaf Mei tot September minder gedaal en die gemiddelde daling van 17 persent het pryse te staan gebring op ongeveer dieselfde vlak as vroeg in 1969, nádat dit met 45 persent gedurende 1968 toegeneem het. In die geval van goudmynaandele, het die daling in pryse gedurende die betrokke tydperk 11 persent bedra en die gemiddelde pryspeil in September het met dié van 'n jaar gelede ooreengestem.

'n Aansienlike daling in die aantal aandele wat op die effektebeurs verhandel is, het met die daling in pryse saamgeval en die indeks was in September 63 persent laer as in Mei 1969. Desnieteenstaande was die aantal aandele wat gedurende September verhandel is, nog op

Bewegings in aandelepryse
Persentasieverandering in indekse

	Des. 1967 tot Des. 1968	Des. 1968 tot Mei 1969	Mei 1969 tot Sept. 1969
Goudmynaandele	+15	+4	-11
Finansiële aandele:			
Mynwese	+39	+29	-29
Nywerheid en algemeen	+57	+32	-24
Nywerheids- en handelsaandele	+45	+28	-17

'n betreklik hoë vlak wat naastenby gelyk aan die gemiddeld vir 1968 en nog hoër as gedurende die jare vóór 1968 was.

In ooreenstemming met die daling in aandelepryse, was daar vanaf Mei tot September 'n toename in opbrengskoerse op aandele wat in die geval van goudmyn-aandele vanaf 5.7 tot 6.8 persent en in die geval van nywerheids- en handelsaandele vanaf 3.4 tot 3.8 per-

sent gestyg het. Indien die laasgenoemde opbrengskoers met dié op langtermynstaatseffekte vergelyk word, het die omgekeerde rendementsgaping vanaf 3.1 persent in Mei tot 2.7 persent in September vernou.

Verdere skerp styging in nuwe uitgiftes van aandele

Nuwe uitgiftes van gewone aandele het 'n rekordpeil gedurende die derde kwartaal van 1969 bereik en het ongeveer R147 miljoen bedra, vergeleke met 'n gemiddeld van ongeveer R90 miljoen gedurende die eerste twee kwartale van 1969. Die hoë peil van nuwe uitgiftes, ten spyte van 'n dalende mark, was waarskynlik die nagevolg van uitgiftes wat vóór en gedurende die vroeë fase van die teruggang op die effektebeurs beplan is. Alhoewel 'n paar groot uitgiftes vir die vierde kwartaal beplan word, kan verwag word dat die aantal nuwe uitgiftes onder die huidige toestande op die effektebeurs sal afneem. Gedurende die agtien maande tot September 1969 is nuwe kapitaal ten bedrae van ongeveer R670 miljoen deur die private sektor in die vorm van gewone aandele, skuldbriewe en voorkeuraandele opgeneem. Hierdie betreklike groot bedrag aan langtermynkapitaal is dus aan die private sektor beskikbaar gestel en sal na verwagting op een of ander stadium private reële vaste investering stimuleer.


Nuwe uitgiftes van gewone aandele R miljoen

1968: 1ste kwartaal	12
2de kwartaal	80
3de kwartaal	96
4de kwartaal	121
1969: 1ste kwartaal	92
2de kwartaal	88
3de kwartaal	147

Aansienlike daling in vloei van fondse na effekte-trusts

Nadat dit die buitengewoon hoë syfer van R278 miljoen gedurende die tweede kwartaal van 1969 bereik het, het die netto verkope van onderaandele deur effekte-trusts tot slegs R10 miljoen gedurende die derde kwartaal gedaal. Verkope van onderaandele het in werklikheid R59 miljoen bedra, maar die effekte-trusts moes onderaandele ten bedrae van R49 miljoen terugkoop. Gedurende Augustus en September het terugkope van onderaandele die verkope daarvan met R4 miljoen oorskry, sodat die trusts in totaal die eerste keer sedert die eerste trust in 1965 met werksaamhede begin het, 'n uitvloeiing van fondse ondervind het. In ooreenstemming met die skerp daling in aandelepryse vanaf Mei tot September 1969, het die markwaarde van die trusts se netto bates met 18 persent gedaal vanaf R911 miljoen aan die einde van Mei tot R751 miljoen aan die einde van September.

Die daling in die markwaarde van die sekuriteite in die trusts se portefeuljes het ook die bedrag aan goed-




gekeurde effekte wat deur die trusts gehou moet word, verminder. Aan die einde van September het hul oorskot goedgekeurde effekte R53 miljoen bedra, waarvan R38 miljoen 'n oorskot aan staatseffekte verteenwoordig het. Gevolglik was die trusts gedurende die derde kwartaal netto verkopers van goedgekeurde effekte en het hul netto verkope R5 miljoen bedra, vergeleke met 'n netto belegging van R74 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal. Hoewel die effeketrusts se besit aan kontant en deposito's aan die einde van September nog R124 miljoen bedra het, was dit ongelyk tussen die trusts verdeel en, indien die toenemende terugkope van onderaandeel deur die effeketrusts in aanmerking geneem word, kon hierdie faktor tot die verkope van oorskot goedgekeurde effekte bygedra het.

In ooreenstemming met die daling in die markwaarde van netto bates, het die gemiddelde verkoopprijs van onderaandeel vanaf Mei tot September 1969 met 21 persent gedaal. Die gemiddelde opbrengskoers op onderaandeel het gedurende dieselfde tydperk vanaf 1.4 tot 1.9 persent toegeneem.

Stram toestande in mark vir vaste-rentedraende effekte

Gedurende die derde kwartaal van 1969 is die mark vir vaste-rentedraende effekte deur 'n onewewig tussen die vraag na en aanbod van uitleenbare fondse gekenmerk. Hoewel daar in Augustus aangekondig is dat die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte onveranderd op $6\frac{1}{2}$ persent gehou sal word, het 'n opwaartse druk op rentekoerse in die geval van semiprima-effekte merkbaar geword en die opbrengskoers op langtermynuitgifte is gedurende die derde kwartaal vanaf 7.1 persent tot 7.3 persent verhoog. Maar selfs teen die hoër opbrengskoerse was die betrokke leners nie in staat om al die fondse wat hulle wou leen te bekom nie of, andersins, moes nuwe uitgifte gedeeltelik deur die onderskrywers opgeneem word. As gevolg van hierdie ontwikkelings is sommige van die uitgifte wat vir die vierde kwartaal beplan was, uitgestel. Die oorheersende koers op nuwe skuldbriewe van maatskappye het gedurende die derde kwartaal vanaf $8\frac{1}{2}$ tot $8\frac{3}{4}$ persent toegeneem.

Die vernouing van die mark vir vaste-rentedraende effekte kan aan 'n algemene afwagende houding en 'n toename in die likwiditeitsvoorkeur van institusionele beleggers en die breë publiek toegeskryf word. Die banke het hul rentekoerse op vaste deposito's teen die middel van 1969 opwaarts aangepas in 'n poging om die druk op hul likwiditeit te verlig, en dit is gevolg deur toenames in die depositokoerse van bouverenigings en opwaartse aanpassings van die rentekoers op semiprima-effekte en effekte van die private sektor. Terselfdertyd het die daling van aandelepryse en die gevolglike styging van opbrengskoerse teenoor die konstante opbrengskoers op langtermynstaatseffekte die omgekeerde rendementsgapings laat vernou. Onder hierdie omstandighede het die verwagting dat daar verdere stygings in langtermynrentekoerse sal wees, ontstaan, en het potensiële beleggers in vaste-rentedraende effekte hul fondse in 'n likwiede vorm gehou. Verder was daar ook nie meer 'n wetlike aanspooring vir finansiële instellings om in hierdie effekte te belê ten einde aan die wetlike beleggingsvereistes te voldoen nie. Beleggers het blykbaar ook verkies om likwied te wees ten einde gunstige beleggingsgeleenthede wat op die effektebeurs kan ontstaan, as pryse begin styg of opbrengskoerse en groeivoorsigte aantreklik genoeg word om belegging te regverdig, te kan benut. Ten minste 'n deel van die breë beleggingspubliek het hulle egter van die aandelemark onttrek om by bouverenigings en banke te belê. Onder hierdie omstandighede van verhoogde likwiditeitsvoorkeur, het afwaartse druk op korttermynrentekoerse ontwikkel, terwyl opwaartse druk op langtermynrentekoerse uitgeoefen is.




gekeurde effekte wat deur die trusts gehou moet word, verminder. Aan die einde van September het hul oorskot goedgekeurde effekte R53 miljoen bedra, waarvan R38 miljoen 'n oorskot aan staatseffekte verteenwoordig het. Gevolglik was die trusts gedurende die derde kwartaal netto verkopers van goedgekeurde effekte en het hul netto verkope R5 miljoen bedra, vergeleke met 'n netto belegging van R74 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal. Hoewel die effeketrusts se besit aan kontant en deposito's aan die einde van September nog R124 miljoen bedra het, was dit ongelyk tussen die trusts verdeel en, indien die toenemende terugkope van onderaandeel deur die effeketrusts in aanmerking geneem word, kon hierdie faktor tot die verkope van oorskot goedgekeurde effekte bygedra het.


In ooreenstemming met die daling in die markwaarde van netto bates, het die gemiddelde verkoopprys van onderaandeel vanaf Mei tot September 1969 met 21 persent gedaal. Die gemiddelde opbrengskoers op onderaandeel het gedurende dieselfde tydperk vanaf 1.4 tot 1.9 persent toegeneem.

Stram toestande in mark vir vaste-rentedraende effekte

Gedurende die derde kwartaal van 1969 is die mark vir vaste-rentedraende effekte deur 'n onewewig tussen die vraag na en aanbod van uitleenbare fondse gekenmerk. Hoewel daar in Augustus aangekondig is dat die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte onveranderd op $6\frac{1}{2}$ persent gehou sal word, het 'n opwaartse druk op rentekoerse in die geval van semiprima-effekte merkbaar geword en die opbrengskoers op langtermynuitgifte is gedurende die derde kwartaal vanaf 7.1 persent tot 7.3 persent verhoog. Maar selfs teen die hoër opbrengskoerse was die betrokke leners nie in staat om al die fondse wat hulle wou leen te bekom nie of, andersins, moes nuwe uitgifte gedeeltelik deur die onderskrywers opgeneem word. As gevolg van hierdie ontwikkelings is sommige van die uitgifte wat vir die vierde kwartaal beplan was, uitgestel. Die oorheersende koers op nuwe skuldbriewe van maatskappye het gedurende die derde kwartaal vanaf $8\frac{1}{2}$ tot $8\frac{3}{4}$ persent toegeneem.

Die vernouing van die mark vir vaste-rentedraende effekte kan aan 'n algemene afwagende houding en 'n toename in die likwiditeitsvoorkeur van institusionele beleggers en die breë publiek toegeskryf word. Die banke het hul rentekoerse op vaste deposito's teen die middel van 1969 opwaarts aangepas in 'n poging om die druk op hul likwiditeit te verlig, en dit is gevolg deur toenames in die depositokoerse van bouverenigings en opwaartse aanpassings van die rentekoers op semiprima-effekte en effekte van die private sektor. Terselfdertyd het die daling van aandelepryse en die gevolglike styging van opbrengskoerse teenoor die konstante opbrengskoers op langtermynstaatseffekte die omgekeerde rendementsgaping laat vernou. Onder hierdie omstandighede het die verwagting dat daar verdere stygings in langtermynrentekoerse sal wees, ontstaan, en het potensiële beleggers in vaste-rentedraende effekte hul fondse in 'n likwiede vorm gehou. Verder was daar ook nie meer 'n wetlike aanspooring vir finansiële instellings om in hierdie effekte te belê ten einde aan die wetlike beleggingsvereistes te voldoen nie. Beleggers het blykbaar ook verkies om likwied te wees ten einde gunstige beleggingsgeleenthede wat op die effektebeurs kan ontstaan, as pryse begin styg of opbrengskoerse en groeivoorsigte aantreklik genoeg word om belegging te regverdig, te kan benut. Ten minste 'n deel van die breë beleggingspubliek het hulle egter van die aandelemark onttrek om by bouverenigings en banke te belê. Onder hierdie omstandighede van verhoogde likwiditeitsvoorkeur, het afwaartse druk op korttermynrentekoerse ontwikkel, terwyl opwaartse druk op langtermynrentekoerse uitgeoefen is.





Groot toename in vloeï van fondse na bouverenigings

Nadat hulle hul koers op vaste deposito's gedurende die tweede helfte van Julie opwaarts tot 7 persent en die koers op belastingvrye aandele vroeg in Augustus vanaf 6 tot 6½ persent aangepas het, het die bouverenigings 'n aansienlike toevloeiing van fondse gedurende die derde kwartaal van 1969 ondervind en die toename in hul middele het nie minder nie as R104 miljoen bedra, vergeleke met R27 miljoen gedurende die tweede kwartaal. Afgesien van meer as 'n seisoenstoename van R34 miljoen in spaardeposito's, het vaste deposito's met R29 miljoen toegeneem, nadat dit gedurende die voorgaande drie kwartale feitlik geen bydrae tot die styging in die verenigings se middele gemaak het nie. Aandelekapitaal het met R41 miljoen toegeneem en, in teenstelling met die verloop gedurende die tweede kwartaal, het hierdie bedrag grotendeels belegging in belastingvrye aandele verteenwoordig.

Onder hierdie omstandighede het die tempo waarteen nuwe voorskotte deur die verenigings toegestaan is, vanaf 'n maandelikse gemiddelde van R35 miljoen gedurende die tweede kwartaal tot 'n ooreenstemmende syfer van R51 miljoen gedurende die derde kwartaal toegeneem. Die bedrag van hul verband- en ander lenings uitstaande het desnieteenstaande slegs met die relatief klein bedrag van R31 miljoen gestyg en die verenigings het die meeste van hul nuwe fondse aangewend om hul likwiede bates en ander voorgeskrewe beleggings aan te vul. Totale voorgeskrewe beleggings het in werklikheid gedurende die derde kwartaal met R55 miljoen toegeneem en dit het die bedrag wat bo en behalwe die wetlike minimum gehou is, vanaf R73 miljoen aan die einde van Junie 1969 tot R121 miljoen aan die einde van September verhoog.

Opmerkings oor tabelle

Tabelle S-58 tot S-61

Buitelandse laste en bates van Suid-Afrika

Soos in die verlede, word besonderhede van Suid-Afrika se buitelandse laste en bates soos aan die einde van 1968, asook vergelykbare gegewens vir vroeër jare, in tabelle S-58 tot S-61 aangetoon.

Buitelandse laste

Die totale buitelandse belegging in Suid-Afrika, soos gemeet aan die totale buitelandse laste, het gedurende 1968 met 'n rekord bedrag van R617 miljoen of ongeveer sowat 16 persent tot R4,583 miljoen toegeneem, vergeleke met toenames van 4 en 10 persent in 1967 en 1966 onderskeidelik. Hierdie besondere groot toename was die netto resultaat van 'n styging van R537 miljoen tot R3,975 miljoen in die buitelandse laste van die private sektor en 'n toename van R80 miljoen tot R608 miljoen in die buitelandse laste van die sentrale regering en banksektor. Die aansienlike toename in die buitelandse laste van Suid-Afrika gedurende 1968 hou verband met 'n invloeiing van kapitaal na die private sektor van nie minder nie as R330 miljoen en 'n toename van ongeveer R191 miljoen in die totale buitelandse aandeel van die opgehoopte reserwes van buitelandsebeheerde Suid-Afrikaanse ondernemings.¹

Van die totale toename van R617 miljoen in Suid-Afrika se totale buitelandse laste het R407 miljoen uit beleggings in die regstreekse beleggingsektor bestaan en het hoofsaaklik in die private sektor voorgekom. Hierdie styging is veral teweeggebring deur bovermelde toename in die totale buitelandse aandeel van opgehoopte reserwes, terwyl die nominale waarde van aandele wat deur buitelanders besit word met R69 miljoen en korttermynlaste teenoor buitelanders met R74 miljoen gestyg het. Die totale buitelandse belegging in die onregstreekse beleggingsektor het gedurende 1968 met R210 miljoen toegeneem, waarvan R147 miljoen belegging in die private en R63 miljoen belegging in die sentrale regering en banksektor verteenwoordig het. Die grootste enkele toename was 'n styging van R73 miljoen in verbande en langtermynlenings van die private sektor.

Die sterlinggebied het 62.5 persent van die totale buitelandse belegging in Suid-Afrika op 31 Desember

1968 besit, vergeleke met 64.2 persent aan die einde van 1967. Daarteenoor het die aandeel van Wes-Europa oor dieselfde tydperk vanaf 17.0 tot 18.9 persent gestyg.

Buitelandse bates

Suid-Afrika se buitelandse bates het gedurende 1968 met R621 miljoen gestyg, wat die totaal aan die end van die jaar op R2,332 miljoen te staan gebring het. Indien die buitengewoon groot styging van R536 miljoen in goud- en buitelandse valuta-reserwes buite rekening gelaat word, het die ander buitelandse bates met R85 miljoen of 7.4 persent toegeneem, vergeleke met 5.3 persent gedurende 1967. Van hierdie R85 miljoen toename in 1968 het die buitelandse bates van die private sektor R78 miljoen bygedra, terwyl die buitelandse bates van die sentrale regering en banksektor met R7 miljoen gestyg het.

Die toename in Suid-Afrika se totale buitelandse bates gedurende 1968 is veral veroorsaak deur onregstreekse belegging in die buiteland wat met R579 miljoen tot R1,626 miljoen toegeneem het, terwyl die regstreekse belegging met slegs R42 miljoen tot R706 miljoen gestyg het. Benewens die toename in die goud- en buitelandse valuta-reserwes is die vernaamste verandering in die onregstreekse beleggingsektor veroorsaak deur 'n toename van R39 miljoen in die totale korttermynbates, waarvan R5 miljoen in die sentrale regering en banksektor en R34 miljoen in die private sektor voorgekom het. In die regstreekse beleggingsektor was die grootste verandering 'n toename van R18 miljoen Suid-Afrika se aandeel in die opgehoopte reserwes van Suid-Afrikaansebeheerde ondernemings in die buiteland.

Aan die einde van 1968 het buitelandse belegging in die sterlinggebied 35.8 persent van Suid-Afrika se buitelandse bates beloop, vergeleke met 47.7 persent aan die einde van 1967. Dié in Wes-Europa het daarenteen van 10.2 tot 12.6 persent gestyg.

¹Laasgenoemde styging word nie by kapitaalbewegings ingereken nie.